LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

09-07-2019

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 22 VIR 2019

1 WELKOM:

Welkom terug aan al ons leerders, ouers en personeel. Sterkte vir die besige kwartaal wat voorlê. Deur saam te werk, sal ons dit baasraak. Baie dankie dat ons op u ondersteuning en positiewe gesindheid kan staatmaak.

2 OUERAAND:

Maandag, 15 Julie 2019 is daar 'n oueraand - slegs per afspraak. Personeel sal u kontak indien u dié aand moet bywoon.

3 KOOR:

Seniorkoor oefen op Woensdag, 14:00 tot 15:30.
Eisteddfod vir beide kore vind plaas op Woensdag, 31 Julie 2019. Tyd sal deurgegee word.

4 HEIDELBERG EISTEDDFOD:

Kunsstukke moet 15 Julie 2019 ingehandig wees by Juf. Lizelle (Juniors - Gr. 1-3) en by Juf. Madeleine (Seniors - Gr 4-7). Jou naam en van en die naam van die stuk moet agterop die kunsstuk staan. Geen laat inhandiging sal aanvaar word nie.

5 SPREEKKOOR:

Ons oefen weer op 15 Julie 2019 in Juf. Monica se klas. Almal moet daar wees. Eisteddfod is om die draai.

6 KULTUURAANDVERGADERING:

Al die Graad 6 ouers word versoek om op Donderdag, 18 Julie 2019 om 18:00 die Kultuuraandvergadering van 2020 by te woon in die skoolsaal. Parkering is beskikbaar op die rugbyveld. Tafelbesprekings gaan dan gedoen word, dus is dit belangrik dat u daar is.

7 CONQUEROR WAENTJIE PROJEK:

- Hierdie is ons laaste GROOT fondsinsamelingsprojek vir die jaar.
- Ons vra GROOT ASSEBLIEF vir 'n groot poging van die ouers en leerders.
- Ons loot 'n Conqueror waentjie, Courage Trailer, uit ter waarde van R127 000.
- Elke leerder het 'n boekie ontvang met 10 kaartjies in teen R100 'n kaartjie.
- Trekking vind plaas by die Varkfees.
- Die leerder wat die meeste kaartjies verkoop wen R1000.
- Die gesin wat die meeste kaartjies verkoop wen die waarde van 1 jaar se skoolgeld vir 2 kinders.
- Vir elke 5de kaartjie wat verkoop word, mag leerders gewone klere aantrek en elke 10de kaartjie kry die kind 'n snoepie koopbewys by.

8 VARKFEES:

- Vanjaar vind ons Varkfees plaas op 6 en 7 September 2019 by Heidelberg Vliegveld.
- Maak seker u besoek die webblad, www.varkfees.co.za, vir die kunstenaars wat optree en die program vir die naweek.
- Ons maak weer staat op ons ouers se hulp tydens dié fees.
- 'n Skeurstrokie met diensbeurte en tye volg later.

9 DRAMAKLUB:

Die dramaklub vat weer vlam hierdie kwartaal en ons fokus op skryf en opvoer van prosastukke. Ons kom Woensdae 15:30 - 16:30 in die mediasentrum bymekaar.

Kontaksessies:

17 Julie; 24 Julie; 31 Julie; 14 Augustus; 21 Augustus

10 LANDLOOP:

Almal wat belangstel om vanjaar landloop te hardloop, oefen op Maandae, Dinsdae, Woensdae en Donderdae vanaf 15:00 - 16:00 by Hoër Volkskool se sportvelde.
Ons eerste byeenkoms is reeds 19 Julie 2019 te Randvaal. Verdere inligting sal volg.

11 KRIEKET:

- Die 1ste en 2de spanne oefen op Donderdag, 11 Julie 2019 vanaf 14:00 - 15:30 by die nette. (1ste span se oefenveld sal bevestig word deur Mnr. Tiaan.)
- Die 0/10 en 0/11 krieketproewe is Donderdag, 11 Julie 2019 vanaf 14:00 - 15:00 by die nette.
- Baie sterkte aan die seuns wat gaan deelneem aan die proewe op 10-12 Julie 2019 - 0/9 tot 0/13. (Seuns wat deelneem is reeds in kennis gestel).
- Mini-krieket reëlings sal deurgegee word.
- Wedstryddatums sal op die kwartaalprogram wees.

12 **MINI-HOKKIE:**

Oefening begin Dinsdag, 16 Julie 2019 op ons rugbyveld - elke Dinsdag en Donderdag:

Gr 1 seuns en dogters	- 13:00 - 14:00
Gr 2 seuns	- 13:00 - 14:00
Gr 2 dogters	- 14:00 - 15:00
Gr 3 seuns en dogters	- 14:00 - 15:00

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF